

Om aandeelhouders van die RBX Groep op hoogte te hou

Nota van die Besturende Direkteur



Die RBX-groep se boekjaar het einde Maart tot 'n afsluiting gekom en sover lyk die resultate goed vir nog 'n stewige jaar van konsolidasie. Dit is slegs bereikbaar met die volgehoue pogings van elkeen in ons span en ek bedank almal vir hul volgehoue ondersteuning.

Een van ons lang dienende raad lede in Citrusdal, Piet Smit, wat ook een van XSIT se direkteure was sedert die stigting van die maatskappy, het besluit om af te tree vanaf die raad. Ons bedank Piet vir sy lang jare van toegewyde diens.

Cheers - Rob

Die toekoms van volhoubare landbou in SA

'n Groot uitdaging vir die langtermynvolhoubaarheid van ons uitvoerprodusente in Suid-Afrika is om te verseker dat daar genoegsame wêreldklas produkte in hul geïntegreerde plaagbestuurgereedskapskis beskikbaar is om te kan voldoen aan die mark vereistes van voedselgehalte en voedselveiligheid.

Soos ons voorberei om ons deel te doen om verskeie uitdagings aan te spreek wat ons bedryf in die gesig staar, is River Bioscience toegewyd om oplossings te vind wat volhoubare waarde aan al ons aandeelhouders lewer. Wanneer ons na ons huidige aanbieding en kundigheids gebied kyk, sal dit vir ons baie moeilik wees om ons potensiële impak op alle soorte volhoubare gewasbeskermings produkte te bereik.

Vir River Bioscience om ons doelwitte te bereik, kyk ons na vennootskappe



met eendersdenkende maatskappye wat beskik van hoë gehalte produkte en wat oorkommende waardes en filosofie met ons deel. Hierdie vennoot is gevind en ons is bly om saam met Dudutech (gebaseer in Kenia) en Bioline Agrosiences (met hul hoofkantoor in Frankryk en produsent besit) te werk om hul produkte na Suid-Afrika te bring en mekaar se kundigheid te benut om die gebruik van biologiese produkte in verskillende dele van die wêreld te bevorder.

Die samewerking begin met die opwindende nuus van ses nuwe produkte wat deur Wet 36 van 1947 goedgekeur is vir gebruik in Suid-Afrika:

1. Beauvitech® – Swam vir witvlieg beheer
2. Mytech® – Antagonistiese swam wat plant parasitiese nematodes teiken
3. Trichotech® – Antagonistiese swam wat grondgedraagde siektes teiken & ook wortelgesondheid verbeter
4. Amblytech® – Roofmyt wat rooispinmyte en blaaspootjies doodmaak
5. Amblytech® C – Roofmyt wat blaaspootjies doodmaak



6. Phytotech® – Roofmyt wat rooispinmyte doodmaak

Pieter van Tonder het die rol as Spesialiteitsgewas Bestuurder aanvaar, wat 'n toegewyde posisie is om te verseker dat hierdie nuwe portefeulje die aandag kry wat dit verdien. Hy sal ook 'n hoof rol speel in die sake-ontwikkeling van hierdie vennootskap en dit in die toekoms laat groei. Sy kundigheid en unieke bedryfskennis sal help om hierdie tegnologieë verder uit te brei na die boere wat die grootste voordeel daaruit kan trek.

Saam dryf ons volhoubare landbou in Suid-Afrika.

BBBEE Gesertifiseer | Die RBX Groep is gesertifiseer as 'n vlak vyf BBBEE-bydraer.

Mei Verjaarsdae

Chanté Bekker, Thobani Bisa, Hillsenzo Coetzee, Enrico Ficks, Meugel Fransman, Nadia Gagiano, Mathew Goddard, Sachelo Kamfer, Christopher Kapel, Theunis Lombard, Keegan Mentoer, Andre Moolman, Mncedisi Ngquse, Eric Nohamba (Director), Patricia Prince, Albertus Ruiters, Dyhan Ruiters, Andre Schreuder (Director), Gerreny September, Muriël Skeepers, Anita Smit, Sean Thackeray, Petrus Willemse, Pamela Zamxaka

Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye

